

**SKRIFGEDEELTE: NEHEMIA 3:1-12, 20-21**

**FOKUSGEDEELTE: NEHEMIA 3:1, 21 (NAV)**

### **Eljasib, die hoëpriester – skouer aan skouer vir die Here**

Soos een man besluit die gemeente onder leiding van Nehemia om die muur van die stad Jerusalem te herbou. Hulle begin by die Skaappoort, want die *hoëpriester Eljasib* (God sal terugbring), se huis is daar geleë. Hy en sy ampsgenote steek die hand uit die moue en begin met die bou van die Skaappoort, en wanneer die poort klaar is, hang hulle die deure en wy die poort in tot eer van die Here.

Van Eljasib se huis af word skouer aan skouer gebou, die priesters, die Leviëte, die handelaars, die salfmengers, die smede, die gesagvoerders, selfs 'n man met sy dogters help met die bouwerk. Al beteken dit harde werk en deursettingsvermoë, bou hulle sonder ophou totdat die muur klaar is en ingewy word. Hulle doen dit omdat dit God se werk is waarmee hulle besig is. Die klaar geboude muur is 'n getuienis vir die geslagte wat kom: Soos een man moet hulle skouer aan skouer die Here dien.

Daar is niks wonderliker as mense wat, vanuit hulle hart, gemotiveerd, skouer aan skouer werk nie. *Baie kerkgeboue in Suid-Afrika het op dié manier verrys en is vandag nog monumente van daardie geloofspan wat saamgewerk het.* As jy erkenning moet gee aan die bouers van daardie kerke, moet jy almal se name noem: van die dominee en sy vrou tot die argitek, die boer, die inwoners van die dorp, vrouens, seuns en dogters, die ambagsmanne, die kunstenaars en die elektrisiëns, almal gemeentede in dieselfde span.

Gaan kyk na die hoeksteen van julle kerkgebou. Die teks wat daarop ingegraveer is, verklaar: Niemand het die bouwerk vir hulleself gedoen nie, maar almal het dit vir die Here gedoen.

Julle kerkgebou is 'n monument met 'n duidelike boodskap: Hierdie gemeente moet skouer aan skouer, soos vir die Here, in die opbou van Jesus se gemeente saamwerk. Saamerk uit dankbaarheid vir die redding in Christus.

*Sing: Psalm 48:5*

*Ds. DJ (Daan) Bakker (Boksburg)*